

4

RUT

Die Here pas ons op

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders en ouers moet weet dat God altyd vir hulle sorg.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- hoe God Rut gebruik het om vir Naomi te sorg.
- God sorg vir ons in voorspoed en in teëspoed.
- God stuur mense om mekaar te versorg en te help.

Gesindheid

Die kinders moet –

- op God vertrou in voorspoed en in teëspoed.
- dankbaar wees dat hulle op God kan vertrou.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om –

- die verhaal van Rut te vertel.
- iemand prakties te gaan versorg.

MEER INLIGTING (Rut 1: 1-16)

Die boek Rut vertel vir ons die verhaal van Elimelek en sy vrou, Naomi. Daar was 'n droogte in Betlehem waar hulle gewoon het. Elimelek het toe besluit om saam met Naomi en hul twee seuns, Maglon en Kiljon, na Moab toe te trek. Elimelek het in die vreemde land gesterf. Na

hul pa se dood het Maglon en Kiljon met twee Moabitiese vroue getrou. Hul name was Orpa en Rut. Daarna het Naomi, haar seuns en hul vrouens omtrent tien jaar lank gelukkig saam in Moab gewoon.

Naomi se twee seuns het toe albei gesterf. Naomi en haar twee skoonogters het alleen agtergebly. Naomi hoor toe dat die Here reën in haar geboorteland gegee het en dat die droogte verby was. Sy besluit toe om terug te gaan na Betlehem toe. Naomi het gedink dat dit beter vir haar skoonogters sou wees om in Moab agter te bly. Orpa het besluit om in Moab by haar familie te bly, maar Rut het anders besluit. Sy wou eerder saam met Naomi na Betlehem toe gaan.

Lees nou Rut 1: 16 en 17 voor.

Toe Naomi sien dat Rut haar nie alleen wou laat teruggaan nie, het sy opgehou om haar te probeer ompraat. So het Rut alles agtergelaat om saam met haar skoonmoeder na Betlehem te gaan.

Ten spyte van al die swaarkry, het die Here al die tyd vir Naomi versorg. Die Here het haar en haar gesin in die vreemde land van Moab bewaar, en die Here was met haar tydens die afsterwe van haar man en haar twee seuns. Die Here het haar weer veilig na haar geboorteland, Betlehem, teruggebring. Hy het vir haar twee goeie skoonogters gegee en Rut het saam met haar teruggetrek en in Betlehem gaan bly. Sodat hulle aan die lewe kon bly, het Rut op Boas se plaas koringare gaan optel. Boas was vriendelik met haar en het vir haar toestemming gegee om aan te hou are optel. Hy het verlief geraak op haar en later met haar getrou. Hy het haar baie goed opgepas.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Flitskaarte met die volgende hoofgedagtes daarop:
 - Daar was droogte en hongersnood in Betlehem.
 - Elimelek, Naomi, Maglon en Kiljon trek na die land van Moab, omdat daar volop kos was.
 - Haar seuns trou met Orpa en Rut.
 - Tien jaar later sterf Naomi se man en haar twee seuns.
 - Die Here het al die tyd in die vreemde land vir Naomi versorg.
 - Die Here het uitkoms gegee in Betlehem, en die hongersnood was verby.
 - Naomi en Rut gaan terug Betlehem toe.
 - Rut help en versorg vir Naomi.
 - Rut het op Boas se plaas koringare opgetel, sodat hulle genoeg gehad het om te eet.
 - Boas het met haar getrou en haar opgepas.
- Rou koring in 'n bakkie.
- Kleefband om koringkorrels mee vas te plak.
- Gaar koring in 'n bakkie.
- 'n Plastiekteelepel vir elke kind.
- Vir elke kind 'n banksakkie met drie rou koringkorrels daarin.

KOM ONS BEGIN

- Laat die kinders Gesang 509: 2 sing, of lees dit voor.

*Sy troue vaderoë sien alles van naby;
ons leef uit sy vermoë – word deur sy Gees gelei.
Die swaeltjies behoed Hy, beklee met gras die dal;
die kleinste wurmpie voed Hy, sorg vir die groot heelal.*

- Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

- Gaan terug na Les 3 se HET HULLE ONTHOU? en laat hulle vertel wat intussen met hul boontjies gebeur het.
- Stap van kind tot kind en kontroleer of hulle die volgende gedoen het:
 - Die skets van Jesus in die eerste raampie ingekleur het.
 - Prente in die volgende raampies ingeplak of geteken het.
 - In die laaste raampie 'n prentjie van iemand wat diens lewer, geteken het.
 - Alles ingekleur en die bladsy mooi versier het.
- Laat 'n paar van die kinders vertel hoe hulle vir iemand by hul huis 'n guns gedoen het.
- Kontroleer of hulle die volgende vrae kan beantwoord:
 - Hoe was die klimaat en omstandighede in die land waar Jesus gewoon het? (*Dit was baie warm en stowwerig.*)
 - Wat het dan met die mense se voete gebeur? (*Hul voete het baie vuil geword.*)
 - Wie het almal se voete gewas voor hulle geëet het? (*'n Bediende.*)
 - Vir wie was Jesus baie lief? (*Vir sy dissipels.*)
 - Soos wie het Jesus sy dissipels se voete gewas? (*Soos 'n bediende.*)
 - Wat het Jesus ons daarmee geleer? (*Hy het gewys dat kinders van die Here mekaar moet liefhê en dien.*)
- Laat 'n paar kinders Johannes 13: 15 opsê: ...soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

- Stuur die bakkie met die rou koring om.
- Die kinders mag van die sade uithaal en besigtig.
- Stuur weer die bakkie om en laat hulle die sade terugsit.
- Gee aan elkeen 'n plastiekteelepel.
- Stuur nou die bakkie met die gaar koring om.
- Elkeen mag 'n lepeltjie vol proe.
- Laat hulle sê of dit vir hulle lekker was of nie.
- Stuur 'n sakkie om vir die gebruikte lepeltjies.

IETS INTERESSANT

- Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel die geskiedenis van Naomi en Rut.
- Deel die flitskaarte uit maar hou die eerste een terug.

- Lees die eerste gedagte voor en sit dit met Prestik teen die bord vas:
Daar was droogte en hongersnood in Betlehem.
- Verduidelik dat hulle goed moet nadink oor hoe die hele verhaal verloop het en dat die kind wat die volgende gebeurtenis op sy of haar kaart het, dit kom vasplak. Hou so aan totdat die hele geskiedenis agter mekaar op die bord of muur is. (Vir volgorde, kyk na die volgorde van die flitskaarte hierbo.)

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer by hulle in:

- Gedurende 'n droogte in Betlehem het Naomi en haar familie in Moab gaan woon.
- Daar het die Here goed vir hulle gesorg.
- Haar seuns is daar met Orpa en Rut getroud.
- Na haar man en seuns se dood is Naomi en Rut terug na Betlehem nadat dit weer daar gereën het.
- Die Here het steeds vir hulle gesorg.
- Rut het haar skoonma gehelp en versorg.
- Rut het koringare in Boas se lande gaan optel.
- Hy was baie goed vir haar en Naomi.
- Boas het met Rut getrou en goed vir hulle gesorg.
- So sorg die Here altyd vir ons.
- Die Here gee vir ons ouers, familie, vriende en partykeer onbekendes om ons te help.

IETS OM TE DOEN

- Laat hulle die volgende vraag in hul boeke beantwoord: Met wie was Naomi se twee seuns getroud? (*Orpa en Rut.*)
- Lees vir hulle Rut 1: 16 en laat hulle in hul eie woorde skryf waarom hulle dink Rut by haar skoonma gebly het. (*Verskillende antwoorde is moontlik: Rut was jammer vir Naomi en wou vir haar gaan sorg; sy wou deel van Naomi se volk word sodat hul God ook vir haar kon sorg; en baie ander moontlikhede. Laat van die kinders lees wat hulle geskryf het en help hulle reg waar nodig.*)
- Gee vir hulle die sakkies met koringkorrels en laat hulle dit met kleefband in hul boeke inplak op die regte plek.
- Laat die kinders Psalm 23: 1 'n paar keer saam opsê: *Die Here is my herder, ek kom niks kort nie.*

BY DIE HUIS

Doen

Laat hulle –

- saam met hul ouers iemand, 'n oupa, 'n ouma, 'n familie of vriende wat siek of behoefstig is, gaan versorg.
- vir Elimelek, Naomi, Maglon en Kiljon in hul boeke teken.

Leer

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Gedurende 'n droogte in Betlehem het Naomi en haar familie in Moab gaan woon.

- Daar het die Here goed vir hulle gesorg.
- Haar seuns is daar met Orpa en Rut getroud.
- Na haar man en seuns se dood is Naomi en Rut terug na Betlehem nadat dit weer daar gereën het.
- Die Here het steeds vir hulle gesorg.
- Rut het haar skoonma gehelp en versorg.
- Rut het koringare in Boas se lande gaan optel.
- Hy was baie goed vir haar en Naomi.
- Boas het met Rut getrou en goed vir hulle gesorg.
- So sorg die Here altyd vir ons.
- Die Here gee vir ons ouers, familie, vriende en partykeer onbekendes om ons te help.

AFSLUITING

Vra een van die kinders om af te sluit met gebed.